



Kurrikulum vir 21ste eeu

Suid-Afrika staan by 'n kruispad. Om van hier af sukses te behaal, het ons 'n skoolleerplan nodig wat die ongelykhede van die verlede aanpak en kinders kan toerus met waardes, kennis en vaardighede vir die 21ste eeu, skryf Michael le Cordeur.

Onderwys is die magtigste wapen om die wêreld te verander," het oudpres. Nelson Mandela gesê. Met Madiba se verjaarsdag wat Maandag herdenk word, wonder 'n mens wat hy vandag sou gesê het van die huidige stand van ons onderwys en die uitwerking wat dit op kinders se toekoms het.

Die Grondwet bevat die nuwe Suid-Afrika se strewende daarna om die verdeeldheid van die verlede te genees en 'n samelewing te skep gegrond op demokratiese waardes met die doel om vir alle landsburgers 'n beter lewe te gee. Om dit reg te kry, het die land onder meer 'n skoolkurrikulum nodig wat elke leerling se potensiaal ontsluit sodat almal 'n bydrae tot die land kan maak.

Die kurrikulum en assessering-beleidsverklaring (KABV) het gevolglik in Januarie 2012 beslag gekry.

Die meeste opvoedkundiges is dit eens dat 'n kurrikulum 'n proses is wat stelselmatig die doelwitte, inhoud, leeraktiwiteite en prosesse vir assessering van die leerproses rig ten einde die kind te begelei na volwassenheid.

Die Amerikaanse opvoedkundige Franklin Bobbitt praat reeds in 1918 van 'n kursus van ervarings wat akademiese, kultuur en sport insluit. William Pinar, 'n Amerikaanse pedagoog, meen die kurrikulum is 'n strategie vir selfontwikkeling wat jou help om gepas te kan reageer op te lewse se uitdagings.

Gesonde beginsels, maar...

Met die beginsels van die KABV is daar nie fout nie. Die doel is om die ongelykhede van die verlede te hanteer deur sosiale transformasie, menseregte, kennis en vaardighede, vooruitgang, erkenning aan ons erfenis, inklusiwiteit en diversiteit, asook 'n omgewingsvriendelike samelewing.

Ongelukkig is die ongelykhede in die onderwys nooit werklik aangepak om die edele doelwitte te realiseer nie. Dit blyk veral uit oorvol skole en die tekort aan hulpbronne wat nodig is vir 'n moderne onderwysstelsel. Tereg kan gevra word hoe suksesvol die KABV die afgelope tien jaar was.

Het dit leerlinge toegerus met die vaardighede en kennis wat nodig is vir die 21ste eeu? Is die meerderheid jeugdige se lewensgehalte verbeter? Het alle leerlinge gelyke toegang tot die land se hulpbronne gehad? Dink maar aan die leerlinge wat gedurende die Covid-19-pandemie nie toegang kon kry tot aanlyn onderrig nie.

Die menseregte-organisasie Amnesty Internasionaal se verslag "Broken and Unequal: The State of Education in South Africa" bevestig



Die brug by Ashton wat bewys Suid-Afrikaners kán met gevorderde tegnologiese oplossings vir komplekse probleme vorendag kom.
Foto: GALLO IMAGES

dat ons onderwysstelsel steeds baie ongelyk en verdeeld is. In 75% van skole berei die gehalte van onderrig ons kinders nie voor vir die 21ste eeu nie, ten spyte van die reusagtige hap wat onderwys uit die nasionale begroting neem. Armer lande behaal meer sukses met minder geld.

Dis duidelik dat leerlinge baie meer ondersteuning nodig het om die gaping tussen skool en die volwasse wêreld te oorbrug. Vir 12 jaar worstel kinders om hul skoolloopbaan te voltooi, net om oor die ekonomiese afgrond te stort en deel te word van die groeiende jeugwerkloosheidsyfer.

Jeugwerkloosheid is 'n direkte gevolg van 'n mislukte onderwysstelsel. Ná 28 jaar van demokrasie is nóg 'n verlore generasie ons voorland. Ons weet al lank dis 'n tikken-de tydbom, maar toe ontplof dit 'n jaar gelede toe duisende mense, sommige van skoolgaande ouderdom, plundertogte in KwaZulu-Natal en Gauteng uitgevoer het.

As jy met 'n matrieksertifikaat nie werk kan kry om vir jou familie te sorg nie en as jy niks het om te verloor nie, is die besluit om te plunder 'n gegewe. Dis in skrilte teenstelling met Pinar se teorie dat 'n kurrikulum tot positiewe aksie moet lei.

Bewens die onderwysprobleme het ons ook 'n probleem met moraliteit. Ons kry dit nie reg om 'n waardestelsel te kweek nie. Die ontsteltende boodskap aan onderwyskundiges is dat baie jong mense matriek en 'n skoolopvoeding nie

meer as 'n oplossing sien nie. Hulle wend hulle eerder tot diefstal en plundering om te oorleef.

Wat is dan fout met die KABV? Navorsing wys die leerplan is te inhoudsintensief, wat tot baie probleme lei. Omdat die kurrikulum oorlaai is, is daar nie tyd vir vaslegging nie, wat tot gebrekkige begrip lei. Onder druk van die onderwysowerhede, stoom onderwysers voort sonder dat kinders die inhoud onder die knie kry. 'n Groot probleem is handboeke wat uit die perspektief van 'n middelklas-leefwêreld geskryf word en townshipkinders uitsluit.

Die vernamste kritiek teen die KABV is egter dat dit te voorskrytelik is en onderwysers ontnem van hul professionele inisiatief. Dit maak onderwysers se passie vir die onderwys dood. Kosbare onderrigtyd gaan verlore weens die baie assessering. Dit is 'n gejaag van een toets na die ander en onderwysers word die tyd ontnem om terug te gaan in die leerplan en sekere konsepte weer te verduidelik.

Die algemene gevoel is dat die KABV net kan slaag in 'n omgewing met opgeleide onderwysers in ryk skole waar daar goed toegeruste biblioteke is. Met 1 800 skole wat geen biblioteek het nie is die KABV onuitvoerbaar in arm skole.

Veranderinge in die werkplek

Die Wêreld Ekonomiese Forum (WEF) voorspel 'n volskaalse revolusie in die werkplek oor die volgende twee dekades.

Vier veranderinge word voorsien:

■ Daar sal nie 'n tekort aan werk wees nie, maar mense moet heropgelei word vir nuwe werkseleenthede;

■ Werk vanaf die huis sal die norm word, mense sal van enige plek in die wêreld kan werk en ook nie net gewone kantoorruime nie;

■ Teen 2027 sal die meeste werk op 'n vryskut-grondslag gedoen word;

■ Tegnologiese ontwikkeling sal voortstu en aanhou om ons wêreld oor te neem.

Voorts sal feite en eksamens al hoe minder belangrik wees in die leerproses. Pleks dat leerlinge nagte deursit om feite te memoriseer, sal hulle vir hulself moet dink. Die gebruik dat sommige matrikulante byvoorbeeld vir ses maande "her-siening" moet doen ter voorbereiding van hul laaste skooleksamen is in dié konteks uitgedien, vervelig en 'n vermorsing van kosbare onderrigtyd.

'n Nuwe wêreld van werk vereis 'n nuwe leerplan. Skoolvakke sal in die toekoms byvoorbeeld nie meer voorsiening hoef te maak vir die opleiding van sekretarisses, menslike hulpbronn-beamptes, banktellers, kassiere en verkoopsmense nie.

Mense doen toenemend banksake op hul slimfone en bestel hul kruideniersware aanlyn terwyl robotte gaandeweg fabriekswerkers se werk sal vervang.

'n Nuwe kurrikulum word wel benodig vir werkseleenthede wat voortaan in aanvraag sal wees, soos verpleegsters, installeerders van alternatiewe energie, sagteware-analiste, data-ontleders, landbouers en

grondslagfase-onderwysers (kinders moet steeds leer lees en skryf).

Elke vak in die nuwe kurrikulum sal gebaseer wees op vyf basiese beginsels, naamlik: emosionele intelligensie (om van die huis te werk vereis selfdissipline); kritiese denke (daar is steeds te veel afrigting in skole en te min kritiese denke); probleemoplossing (om jou eie kwesies op te los, is deel van volwassewording); entrepreneurskap (leerlinge moet leer om werk te skep pleks van te soek vir werk); en leierskap.

Voordat ons egter kan dink aan 'n nuwe kurrikulum, moet ons die onderwysomgewing in ons land assesseer. Ons sal nuut oor die onderwys moet dink as ons ekonomiese uitdagings soos beurtkrag, korrupsie, armoede, die onvermoë om geweld en misdaad te bekamp, en 'n gebrek aan diensterwing by munisipaliteite wil oplos.

As ons weet wat ons uitdagings is, kan ons ook bepaal watter vakke is nodig om dit op te los. Myn insiens het Suid-Afrika die volgende sewe reusagtige uitdagings wat met die regte kurrikulum opgelos kan word, naamlik beurtkrag (hernubare energie), korrupsie (morele waardes), rassisme (kennis van ons erfenis), werkloosheid (entrepreneurskap), klimaatverandering (omgewingstudie), voedselsekuriteit (landbou), en behuising en vervoer (ingenieurswese).

Brug na 'n nuwe kurrikulum

Tydens 'n onlangse besoek aan 'n fabriek in Ashton wat die gevaar loop om te sluit, moet ek 'n nuwe ultramoderne brug oorstee.

Die brug van 8 000 ton staal en beton is lank die pad ogerig en daarna met behulp van tegnologie binne net ses uur na die regte plek verskuif om veilige en doeltreffende toegang oor die Kogmanskloofrivier na dié mooi Bolandse dorp te bewerkstellig.

Dis 'n ingenieurswonderwerk wat my met hoop vul vir die toekoms. Dit wys ons kán die gepaste oplossing kry as ons weet wat die probleem is. As die regte mense met die regte vaardighede aangestel word, is sukses gewaarborg. Dieselfde geld ons onderwys en skoolkurrikulum.

Dit sal 'n waardevolle verjaarsdaggeskenk vir Madiba wees.



Prof. Le Cordeur is visedekaan vir leer en onderrig aan die Universiteit Stellenbosch se fakulteit opvoedkunde. Hierdie is 'n verkorte weergawe van 'n onlangse lesing van hom by die Stellenbosch-forum.

